Geopende Deure NUUSBRIEF

Geopende Deure Suider-Afrika – 50 jaar diens aan die vervolgde Kerk




**Maart / April 2021**

Dankie dat jy Amina help om te genees, bl. 2 • Jy gee hoop, bl. 3-4 • Tradisionele gelowe en hulle uitwerking, bl. 5 • Getuienis: "My hart is vir ewig verander", bl. 6 • Toeriste op 'n geheime sending, bl. 7-10 • Ons vier 50 jaar van diens aan die vervolgde Kerk! bl. 11



# DANKIE DAT JY AMINA HELP OM TE GENEES

Soos baie ander ekstremiste, steun Boko Haram (wat losweg beteken "Westerse onderrig is verbode") ŉ baie spesifieke weergawe van Islam. Hierdie weergawe verbied Moslems se deelname aan enige aktiwiteite wat met die Westerse samelewing verbind word, dit sluit in Christenskap wat as Westerse ideologie gesien word.

In Maiduguri, die hoofstad van Borno Staat, Nigerië en die geboorteplek van Boko Haram, dra Christene soos Amina die letsels van hierdie Islamitiese rebelle se aanvalle.

In 2021 het Boko Haram Amina en haar gesin se kampong met geweld bestorm. Hulle het haar man, Daniel, brutaal vermoor en probeer om twee van haar seuns te vermoor nadat hulle geweier het om Jesus te verloën.

*"Hulle het my man geslag…"* sê sy. Hulle het ook probeer om haar twee oudste seuns se kele af te sny, maar hulle het wonderbaarlik oorleef.

Vyf jaar later, oppad na ŉ begrafinis, het Boko Haram op die voertuig geskiet waarin Amina was. Al vyf mans in die voertuig is dood, en Amina en 10 vroue is gevange geneem.

*"Ek het net gesê: 'Jesus, Jesus, Jesus, wees my genadig! Here, as ek vandag sterf, wat van my vaderlose kinders?' Toe het ek net gesê: 'Here, laat U wil geskied.'"*

Amina het drie skietwonde opgedoen en haar bewussyn verloor. Sy het in die Sambisa-woud (ŉ bekende vesting van Boko Haram) wakker geword, waar die rebelle haar geopereer het om die koeëls te verwyder.

Amina en die ander vroue het die volgende vyf weke gevas en gebid. Ná baie onderhandelinge tussen Boko Haram en die regering, is hulle vrygelaat.

Dit wat Amina verduur het, het haar lewe vir altyd verander. Maar deur jou ondersteuning het Amina genees.

*"Geopende Deure het my gehelp om die liefde van God te ervaar, veral deur die traumaberading en ander hulp… Julle het liefde bewys deur vir dié te sorg wat swaarkry, getraumatiseerd is en in die moeilikheid is. Julle laat hulle besef dat God steeds bestaan.*

*"Ek bid dat julle nie sal moeg word, terwyl julle onvermoeid werk om die mense van God weer sterk en voorspoedig in die lewe te maak, nie. Mag die Here julle beloon!"*

# JY GEE HOOP AAN ONS VERVOLGDE FAMILIE IN CHRISTUS

As volgelinge van Christus behoort ons nie aan die wêreld nie, maar is ons uit die wêreld uitverkies deur God. Daarom haat die wêreld ons (Joh. 15:19). En as gevolg hiervan sal ons vervolg word.

Jesus het ons egter belowe: *"In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed. Ek het die wêreld klaar oorwin."* (Joh.16:33). Ongeag van wat ons in die gesig mag staar, het ons vrede en hoop, want aan die kruis het Hy alreeds die bose rebelliestelsel oorwin.

In hierdie wêreld, wat al meer vyandig teenoor ons geloof word, gebruik die Here elkeen van ons om hoop te bring aan diegene wat die ergste beproewings vir hul geloof in Christus verduur. **Jou ondersteuning herinner ons familie in Christus voortdurend aan die hoop wat hulle in Hom het en die liefde wat ons vir mekaar as die liggaam van Christus het.**

Hellen en Ijanada is maar twee van die talle mense wat jy gehelp het deur jou ondersteuning, terwyl hulle vir die naam van Christus op die frontlinies van ons geloof ly…

**Eden (13) en Dawit (5)** van Ethiopië het al meer van die wêreld se gebrokenheid gesien as ander kinders van hul ouderdom. Meestal sou hulle na skool tuis kom terwyl hulle ma, Hellen, onder die invloed van dwelms en drank was. Toe sy ŉ Christen geword het nadat sy ŉ Christelike program gekyk het, het haar man hulle verlaat sonder om te groet en hulle sonder enige geld gelos. As gevolg van haar geloof, wou niemand vir Hellen help met werk nie. Deur jou ondersteuning, kon ons haar egter help om ŉ klein onderneming te begin om vir haar en haar kinders te voorsien. Ons kon ook Eden en Dawit se skoolgelde betaal. *"God weet waar ons was toe julle gekom het om ons te help. Ek het gedink ons sou sterf. Dankie vir julle ondersteuning. God seën julle!"* sê Hellen.

*(vervolg op bladsy 4)*



*(vervolg van bladsy 3)*

**Ijanada** van Nigerië was maar 14 toe sy ontvoer is, in ŉ huwelik gedwing is en twee keer swanger geraak het. In aanhouding *"het ek so baie lyding, hongerte, mishandeling en pyn verduur,"* sê sy. Een nag in 2018, toe Ijanada sowat twee maande swanger was met haar dogtertjie, Warasani, het sy en haar seun, Luka, ontsnap. Uiteindelik was sy met haar familie herenig, maar ongelukkig is sy en haar kinders deur haar gemeenskap gespot en verwerp. Baie glo dat die kinders van Boko Haram-soldate saad van die groep se haat, rebellie en radikalisme dra. Gelukkig het Geopende Deure se traumasorgprogram haar gehelp en bevry van die bitterheid wat sy saam met haar gedra het. *"Ek het nie die belangrikheid van vergifnis verstaan nie, maar nou doen ek, en het ek daardie gevoelens laat vaar. Ek wil dankie sê aan almal wat hierdie program ondersteun."*

Dankie vir al jou gebede en ondersteuning vir Hellen en Ijanada.

## Hou asseblief aan om vir ons broers en susters te bid:

- Bid dat die Here hul geloof sal versterk en aan hulle ŉ diep gevoel van vrede sal gee.
- Bid dat die Here in hulle fisiese en geestelike behoeftes sal voorsien.
- Bid dat die Here hulle getuienis sal gebruik om ander in ŉ verhouding met Hom te bring.
- Bid vir Geopende Deure se werk in die verskillende wêrelddele om God te verheerlik en om die Kerk te versterk en te bemoedig.



**"Ek wil dankie sê aan almal wat hierdie program ondersteun."**
**Ijanada**

# Die uitwerking van tradisionele gelowe op Christene in Afrika en elders

Die hoofbron van Christenvervolging in Afrika is Islamitiese ekstremisme, maar daar is ook ŉ ander tipe vervolgingsenjin bekend as etniese antagonisme, wat bydra tot die vyandigheid teen Christene in Afrika. Etniese antagonisme word deur volgelinge van tradisionele en inheemse gelowe beoefen.

Wat is so anders aan hierdie bron van vervolging? Hier is ŉ paar dinge oom na op te let:

### Rituele en seremonies is belangriker as doktrine

Anders as Christenskap en Islam, wat geskrewe riglyne het, word tradisionele gelowe se oortuigings mondelings oorgedra. Die hoofdeurgangsrituele is geboorte en benaming, puberteit, huwelik, status as oudstes en sterfte. Hierdie oortuigings het tot gevolg dat baie Christene deur etniese groepe vervolg word omdat hulle weier om aan die rituele en seremonies deel te neem.

### Gemeenskap belangriker as die individu

*"Die individu bestaan slegs binne die gemeenskap en skeiding daarvan is soms erger as die dood,"* skryf Jacob K Olupona. Daar word geglo dat dit aanstoot aan die voorvaders gee om die wette van die gemeenskap te oortree. ŉ Christen se geloof word as teenstrydig met die gemeenskap s'n gesien, wat "teëspoed" vir die gemeenskap kan veroorsaak.



Verteenwoordigende foto gebruik.

### Buitengewone lyding vir Christene in Afrika en Latyns-Amerika

Christene het twee keuses: Volg die familietradisies om die vrede te bewaar, deel van die stam te bly en die volle voordeel van familielewe te geniet; of kies Christus en verduur vervolging, wat gewelddadige aanvalle en geforseerde inisiasie of sosiale uitsluiting kan beteken.

Die Kerk, wat deur hierdie tipe vervolging geraak word, benodig ons gebede en ondersteuning. Bid asseblief saam dat die Here Christene in Afrika en Latyns-Amerika wat onder hierdie tipe vervolging gebuk gaan, sal versterk. Bid dat die hoop van Christus in hulle dorpies, streke en nasies sal seëvier.

## ’n Reisiger se getuienis



Verteenwoordigende foto gebruik.

# “MY HART IS VIR EWIG VERANDER.”

Peter*, ŉ Geopende Deure-vennoot, deel:

*“In die aanloop tot ons reis na Suidoos-Asië het ek ver van God af gevoel. Die einde van nog ŉ moeilike werksjaar, ŉ geneigdheid om myself te dokter, ŉ ‘plig’ om tyd met die Woord te spandeer en ŉ skynbare onvermoë om opreg te bid, het my moedeloos laat voel. Teologies het ek nie getwyfel nie, maar hoe kan teologie alleen jou staande hou?”*

Maar alles het verander toe hy vervolgde gelowiges in Suidoos-Asië ontmoet het.

*“Ek het ŉ sewejarige seuntjie ontmoet wat in ŉ bomontploffing by ŉ kerk beseer is. Andrew* het 40% brandwonde oor sy liggaam opgedoen en het sedert die ontploffing 39 operasies ondergaan.*

*“Ons het toegekyk terwyl hy in sy plaaslike taal vir ons klein groepie gesing het: ‘Al wat ek nodig het, is Jesus. Al wat ek nodig het, is Jesus.’ Dit was sy pa se verjaardag. Andrew het ŉ koek uitgebring, dit voor hom gehou en vir sy pa gesing. Ek het nog nooit ŉ meer intieme oomblik tussen twee mense beleef nie. Ek het Jesus se liefde in Andrew se pa se oë gesien. Ek sal nooit weer dieselfde wees nie. My hart is vir ewig verander.”*

Terwyl hy terugkyk op hierdie reis en ander reise wat hy saam met Geopende Deure onderneem het, waar hy eerstehands die liefde en getrouheid van vervolgde gelowiges ervaar het, sê hy:

*“Ek wil baie vrugte dra, en daardeur bewys dat ek Jesus se dissipel is om die Vader te verheerlik. As dit ook jou begeerte is, moedig ek jou aan om te gaan en uit te vind waar God werk en saam met Hom te werk.*

**Name vir sekuriteitsredes verander.*

# Toeriste op 'n Geheime Sending

**"Wanneer ook al, waar ook al, hoe ook al U my nodig het, ek sal gaan. En ek sal dadelik begin. Here, wanneer ek opstaan uit dié plek en vorentoe tree, sal U dit beskou as my eerste tree van absolute gehoorsaamheid aan U? Ek noem dit dan my ja-tree."**

**Broer Andrew, Geopende Deure-stigter**




Verteenwoordigende foto gebruik.

**Is jy gereed om die ja-tree te neem?>>**

# Reis saam met Geopende Deure in 2021

Wanneer jy stories van ons vervolgde familie in Christus lees, het jy al gewens dat jy hulle in persoon kan ontmoet en vir hulle kan sê dat jy aan hulle dink en saam met hulle in gebed staan? Of miskien druk die Here gelowiges van ŉ spesifieke land op jou hart?

Hierdie jaar kan jy gelowiges ontmoet as ŉ toeris op ŉ geheime sending. Reis saam met ons en bid, sien, leer, vertroos, bemoedig en neem skaars hulpbronne na ons vervolgde familie.

Hierdie avontuur sal jou bemoedig en ook jou lewe verander om ons broers en susters te ontmoet, hulle getuienisse eerstehands te hoor en te sien hoe God te midde van die duisternis werk.

**Neem die ja-tree vandag…**



Verteenwoordigende foto gebruik.

# REISE VANAF SUID-AFRIKA

**ŉ Basisreis word deur werkers van Geopende Deure Suider-Afrika gelei. Jy sal saam met ŉ span vanaf Suid-Afrika na die land van bestemming reis.**

## SENTRAAL-ASIË Junie

ŉ Klein groepie reisigers sal die geleentheid kry om gelowiges en kerkleiers te ontmoet en te bemoedig. Op hierdie reis sal jy noodsaaklike ondersteuning vir die Kerk in die land inneem.

*Reisigers met spesiale dieetbehoeftes kan nie by hierdie bestemming geakkommodeer word nie.*

**Beraamde koste: R37 710,00**

## SENTRAAL-ASIË Julie

Op dié reis sal jy gelowiges van regoor die streek ontmoet, vir hulle bid, hulle bemoedig en meer leer oor die Koninkrykswerk, wat ten spyte van die beperkings op die Kerk, voortgaan. Op hierdie reis sal jy noodsaaklike hulpbronne vir die Kerk in die streek aflewer.

**Beraamde koste: R30 620,00**

## EGIPTE Oktober

Egipte het die grootste Christenbevolking in die Midde-Ooste en verteenwoordig een van die oudste kerkgemeenskappe in die wêreld. Op dié reis sal jy ons broers en susters bemoedig, vir hulle bid en ondersteuning bied waar die werk van die Kerk noodsaaklik is in hierdie vyandige streek.

**Beraamde koste: R24 980,00**

## VIËTNAM November

Hierdie reis sal jou die geleentheid gee om kerkleiers te ontmoet, kerkdienste by te woon en eerstehands te sien hoe die Kerk in Viëtnam vervolging hanteer. Jy sal projekte besoek en vir gelowiges wat die Kerk in Viëtnam dien, bid en hulle ondersteun.

**Beraamde koste: R37 910,00**



# INTERNASIONALE REISE

**Jy kan ook een van ons internasionale reise meemaak, waar jy saam met ander Christene van regoor die wêreld na die land van bestemming sal reis. Hierdie reise word deur Geopende Deure-werkers van ander lande gelei.**

## ASIË* Julie

Gaan op ŉ gebedsreis na een van die mees vervolgde lande in die wêreld. Met hierdie reis sal jy vir baie broers en susters bid wat geïsoleerd en bang is om hul geloof uit te leef.

**Koste: Beskikbaar op aanvraag**

## SUIDOOS-ASIË* September

Die vervolging in hierdie land het die afgelope paar jaar noemenswaardig gestyg, namate Christene se situasie aanhou om te versleg.

Hierdie land kort ons gebede! Op hierdie reis kan jy die geleentheid kry om vervolgde gelowiges te ontmoet en te bemoedig. Jy sal na strategiese gebiede in die land geneem word, waar jy aan gebedswandelinge sal deelneem.

**Beraamde koste: R31 250,00**

## BANGLADESJ November

Die hoofdoel van hierdie reis is om vir gelowiges wat van ŉ ander geloofs-agtergrond tot bekering gekom het, te bid en hulle te bemoedig. Jy sal die vervolgingsdinamika in die land leer verstaan en die geleentheid kry om sommige projekte, wat deur Geopende Deure ondersteun word, te besoek.

**Beraamde koste: R29 010,00**

## COLOMBIË November (spesiale reis)

Ontmoet jong gelowiges wat die geleentheid gehad het om by ŉ skuilhuis versorg en onderrig te word. Kom beleef die gelukkige geleentheid van hulle graduering. Bid vir en bemoedig hulle families, wat van ver reis. Baie gesinne is pastoorgesinne, wat vir hulle werk onder die inheemse stamme en deur guerrillatroepe wat in die buitewyke van Colombië werksaam is, vervolg word.

**Koste: Beskikbaar op aanvraag**



***Presiese datums en kostes sal deurgegee word met verdere navrae. Vir meer inligting, kontak asseblief vir Samantha by travel@opendoors.org.za.**

# ONS VIER
## 50 JAAR VAN DIENS AAN DIE VERVOLGDE KERK!

Ons by Geopende Deure Suider-Afrika is opgewonde oor die viering van 50 jaar se diens aan ons vervolgde familie in Christus.

As ons terugkyk op die afgelope 50 jaar, kan ons met vertroue sê: *"In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie; ons is oor raad verleë, maar nie radeloos nie; ons word vervolg, maar nie deur God verlaat nie; op die grond neergegooi, maar nie vernietig nie."* (2 Korintiërs 4:8-9)

Deur God se krag en jou ondersteuning was ons familie in staat om sterk in hul geloof te staan te midde van vervolging, terwyl hulle herinner word dat hulle nooit alleen is nie.

Ter viering van 50 jaar se diens aan die vervolgde Kerk, sal Mei-maand daaraan gewy word om die Christene wat ons dien te onthou en almal wat vir die afgelope 50 jaar by die vervolgde Kerk gestaan het, te eer.

So hou jou oë oop vir komende geleent-hede in Mei-maand waar ons God se goedheid en jou, ons vennoot, se liefde en ondersteuning vir hierdie bediening gaan vier.

Ons sien uit om hierdie mylpaal saam met jou te vier en voort te gaan om saam met jou die vervolgde Kerk te dien.



**Deur God se krag en jou onder-steuning was ons familie in staat om sterk in hul geloof te staan te midde van vervolging, terwyl hulle herinner word dat hulle nooit alleen is nie.**

**DAGBOEK DIE DATUM**
**8 MEI 2021**

# UIT JAN SE PERSPEKTIEF

Beste vennoot van die vervolgde Kerk

Die geweld teenoor die Kerk in sub-Sahara Afrika het die afgelope twee jaar geëskaleer, met vier Afrikalande in die top vyf lande vir geweld teenoor Christene.

Elke Christen wat ons in Afrika en verder help, is nie net nog ŉ nommer nie – hulle is ons familie. Elkeen van hulle en hul behoeftes is vir ons belangrik!

Ongelukkig voel ons soms oorweldig deur die oorweldigende aantal vervolgde Christene, maar dan hoor ons die woorde van Jesus toe Hy die vyfduisend gevoed het: *"Hulle hoef nie weg te gaan nie. Gee julle vir hulle iets om te eet."* (Matteus 14:16) Net soos Hy daardie dag ŉ wonderwerk verrig het, het die Here verlede jaar ŉ wonderwerk verrig deur ons van die nodige ondersteuning te voorsien sodat baie vervolgde Christene kon oorleef.

Hierdie jaar bid ons dat die Here ons die vermoë sal gee om duisende meer te help en te besoek. As jy hulle al ooit wou ontmoet, moedig ek jou aan om na ons reisbrosjure te kyk (bl. 7-10) en biddend te oorweeg waar die Here jou hierdie jaar moontlik heen kan lei.

Wanneer ek aan my reise na die vervolgde Kerk dink, onthou ek ŉ weduwee van Afrika wie se man deur ekstremiste vermoor is. Sy het vir my gesê: *"Dankie! Julle gebede en ondersteuning het my die wil teruggegee om weer te lewe."*

Ek is deur haar boodskap bemoedig. En ek dink aan die baie Christene wat ons vir 50 jaar in staat was om te dien. Ek is dankbaar dat die Here Geopende Deure Suider-Afrika vir die laaste 50 jaar gebruik het om Christene in Suider-Afrika te mobiliseer, sodat hulle kan help om die vervolgde Kerk te dien. Daarom is ons opgewonde om 50 jaar diens aan die vervolgde Kerk in Mei 2021 te vier (sien bl. 11).

Deur jou gebede en ondersteuning oor die afgelope 50 jaar kon ons help om duisende Christene by te staan en hulle *"wil om te lewe"* terug te gee. So baie dankie!

Ons sien uit om jou by ons viering te sien en vir jou om ŉ reis mee te maak!

Saam in Sy diens

Jan

Jan Gouws, Uitvoerende Direkteur
Geopende Deure Suider-Afrika



**Vervolg Maar nooit alleen.**

Open Doors South Africa

**Posbus 1771, Cresta, 2118**
**T +27 11 888 9341**
**F +27 11 888 9362**
**E southafrica@od.org**
**I www.opendoors.org.za**
**064 867 4730**

Bankbesonderhede: Suid-Afrika, **Geopende Deure - Open Doors NPC, Absa - Northcliff (632005), Rekeningnr. 160340568 Geopende Deure - Open Doors, Nedbank Besigheidsrekening (198765), Rekeningnr. 113 750 4552**
Bankbesonderhede: Namibië, **Geopende Deure - Open Doors NPC, Nedbank - Windhoek (461609), Rekeningnr. 1-2000-23847-1**
(Faks asseblief die bewys van betaling na: **+27 11 888 9362**)
Saamgestel deur Geopende Deure Suider-Afrika.
Inligting korrek by ter perse gaan. Geen reproduksie sonder toestemming nie. Kontak Milandré by milandreh@od.org
**REG # 2004/023397/08 | Drukwerk deur Resolution Litho**